# HANDELINGE 17 : 15—34 en ROMEINE 1 : 18—25: BEWYSE VIR AANSLUITINGSPUNTE IN DIE SENDING OF VIR 'N NATUURLIKE TEOLOGIE ?

## Ekumeniese en heidense religie

Dit het in ons ekumenies-gesinde wêreld van vandag by baie Christene mode geword om met 'n baie simpatieke oog na die heidense religieë te kyk. Allerlei verborge waarhede en positiewe elemente word in die tradisionele religie van die Bantoe, Mohammedaan, Boeddhis en Hindoe gesoek. Elke religie bevat sekere sg. „waarheidsmomente" waarby aangesluit en waarop voortgebou kan word. Die Evangelie word dan eintlik net as 'n sluitsteen beskou wat bygevoeg word om die gebou af te rond.

Dit word egter vergeet dat die (heidense) religieë eerder die resultaat is van die mens se dwaasheid en verblinding, van sy vlug vir die ware God i.p.v. sy soeke na Hom. „Daar is niemand wat God soek nie" (Rom. 3 : 11). Die moderne mens het respek vir die religieë buite God wat die Woord van God duidelik nie het nie. Op baie plekke in die Skrif word met die afgode die spot gedryf! Omgekeerd vind die „natuurlike" mens die Evangelie aanstootlik, onbegryplik, vreemd, beledigend, onaanvaarbaar.

Tereg sê A. J. van Rooy (in sy bydrae tot die werk *Kontak en Kommunikasie,* hoofstuk V): „Dit is seker te verwagte dat verskillende volke wat van God in sy goedheid verskillende gawes ontvang het, uit die aanraking met die Evangelie verskillende skatte sal opdiep wat vir ander volke verborge gebly het, om daardie skatte te delf en te suiwer en eendag as ‚die heerlikheid van die nasies' in die Nuwe Jerusalem in te dra (Openb. 21 : 24—27). Maar ek glo nie ons het rede om te verwag dat hierdie ‚heerlikheid' elemente van die heidense godsdienste sal bevat nie."

## Hand. 17 en „aansluitingsteologie"

Hierdie artikel wil kortliks op veral Handelinge 17[1] ingaan om te sien of dit nie tog enige reg bied vir 'n „aansluitingsteologie" of gronde vir 'n Natuurlike Teologie nie.

Diegene wat Handelinge 17 : 15—34 ten gunste van 'n Natuurlike Teologie wil laat spreek, lê besonder klem op die mildheid in Paulus se beoordeling van die heidense denke. Allerlei woorde en uitdrukkings in sy rede op die Areópagus in Athene sou volgens hulle sterk invloed van die Hellenistiese en in besonder Stoïsynse denke by die heidenapostel verraai. Dit is daarom dat hy so 'n groot waardering vir die heidense denkers en digters kon hê. Paulus sou dan 'n „innerlike samehang" tussen die heidense wyshede en die Evangelie opgemerk het. Dit waarin die heidene geglo het, sou in kiem reeds die boodskap van die Evangelie bevat het. Daarom kon Paulus positief by hulle idee van 'n natuurlike godskennis aansluit en veral in hulle idee van die onbekende god 'n handige aanknopingspunt

vind. Die apostel sou in die lyn van die Stoïsynse wysgere (waarvan daar die dag vele onder sy gehoor was) 'n Natuurlike Teologie voorstaan waarvolgens die mens in staat sou wees om met sy rede kennis van god te bereik.

Hierdie eksegese verdraai egter die werklike stand van sake in die beroemde sendingrede van Paulus. In Handelinge 17 het ons juis 'n konfrontasie van die Skrifmatige denke van Paulus met die heidense natuur-teologiese spekulasie van sy tyd!

## Hand. 17 as sendingredevoering

Paulus se sg. mildheid in hierdie rede mag nie verkeerd geïnterpreteer word nie. In gedagte moet gehou word dat dit 'n sendingrede was en dat baie meer bereik kon word deur versigtig en hoflik op te tree as wanneer hy onbeskof sou optree en die heidense denkers vir alles wat sleg is sou uitskel. Paulus wou hulle nie onnodig afstoot nie, omdat hy graag wou hê dat hulle hul sou bekeer. Ook as hy hulle sou gevlei het (deur hulle eie denkbeelde goed te praat), sou hy dus nie sy doel, nl. hul bekering, bereik het nie. Sy hoflike optrede beteken geensins dat hy òf gehuigel òf by die gedagtewêreld van die heidene aangesluit het in die sin dat hy dit vir sy rekening sou geneem het nie. Hy sluit alleen in dié sin by sy gehoor aan dat hy vir hulle bekende taal probeer spreek sonder om die uitsprake van o.a. hulle digters (bv. Aratus) daarmee goed te keur. Op dié wyse probeer hy om hulle in die hart met die boodskap van die Evangelie aan te gryp.

## Hand. 17 contra heidendom

Dat Paulus se hoflike en beleefde optrede voor die elite van die wysgerige wêreld van destyds terselfdertyd vlymskerp was en die tragiek van die heidendom tot op die been blootgelê het, blyk duidelik uit o.a. die volgende.

In die eerste plek spreek Paulus van sy toehoorders as onwetendes of onkundiges (vs. 30). Hy kon moeilik vir die Epikuriese en Stoïsynse wysgere, wat hulle elke dag met die soeke na wysheid besig gehou het, iets onaangenamer gesê het. Die skerpte van hierdie woorde tref besonder swaar in 'n stad wat sigself as die bakermat van alle menslike wysheid beskou het. Sy hoorders kon hom ook nie misverstaan nie. Indien Paulus dadelik oor hulle ongeregtigheid en die toorn van God gespreek het, kon hulle hom dalk nog misverstaan het. As Paulus verder betoog dat hierdie onwetenheid skuldige onwetenheid is, word hulle tot 'n keuse gedwing. Hulle moes bly glo in hulle eie „wysheid" of dit as dwaasheid verwerp en die Evangelie aanneem. Volgens Paulus het God hulle wel duidelik in sy werkeopenbaring aangespreek, maar hulle het Hom in hulle dwaasheid verwerp, deurdat hulle sy openbaring verdring en vervang het.

Paulus probeer in sy rede ook aantoon (en dit is in ooreenstemming met wat Romeine 1 leer) dat die heidene die waarheid van God wel wegdruk maar nie in staat is om dit heeltemaal te vernietig nie. Hoe dit moontlik is, blyk duidelik uit die karakter van

die leuen, nl. dat dit nie op sigself kan bestaan nie, maar alleen by die grasie van die waarheid wat dit wil ontken. Dit bly steeds, al is dit negatief, aan die waarheid gebonde. Die leuen het geen eie bestaansreg nie, maar is iets wat op die waarheid parasiteer en alleen in die omkering van die waarheid kan bestaan. Daarom bly die leuen ook ondanks sigself na die waarheid heenwys. Die inherente armoede van die leuen blyk verder uit die feit dat dit homself as waarheid probeer aandien. Op die keper beskou, is daar dus geen sterker bewys vir die waarheid as juis die feit dat die leuen bestaan nie.[2]

Die skerpte van Paulus se rede blyk daaruit dat hy, behalwe van onwetendheid in die stad van die wysheid, in die tweede plek ook van goddeloosheid in die stad van vele gode spreek. Daar word vermeld dat Paulus se gees in hom opstandig geword het toe hy gesien het hoe vol afgodsbeelde die stad was (vs. 16). Paulus was dus nie aangenaam getref deur hulle „godsdienstigheid" omdat dit aan hom die moontlikheid gebied het om by hulle natuurlike godskennis aan te knoop nie, maar hy was juis ontsteld daaroor. As hy later (vgl. vers 22) sê hy sien dat die Atheners in elke opsig baie godsdienstig is, is dit dan ook nie as kompliment bedoel nie. Die woord „godsdienstig" sou ook met „bygelowig" vertaal kon word wat geen lofbetuiging sou wees nie. Die politeïstiese Athene het tot so 'n mate aan 'n godsdienstige versamelwoede gely dat hulle selfs 'n altaar vir die onbekende god opgerig het om seker te maak dat hulle nie dalk 'n bepaalde god vergeet het nie. Aan hierdie politeïsme wil Paulus juis 'n einde maak deur aan hulle die enige ware God te verkondig. Net soos die beskuldiging van onwetendheid, moes ook die feit dat Paulus geen waardering vir hulle hiper-godsdienstigheid gehad het nie, sy hoorders swaar getref het, sodat hulle uiteindelik verkies het om hulle toevlug tot een van die sterkste wapens van die verloorder te neem, nl. spot.

## Geen kompromis met Natuurlike Teologie nie

Paulus sluit beslis nie by die gedagte van 'n onbekende god aan omdat hy daarmee sou saamstem nie. Hy aanvaar nie 'n Natuurlike Teologie (wat kan bewys *dat* daar 'n god moet wees, maar die mens verder in die duister laat omdat dit nie kan sê *wie* en *hoe* die god is nie) om dan op grond daarvan vir die Atheners die Evangelie te bring wat meer besonderhede oor die onbekende god verskaf nie. Die altaar aan die onbekende god is juis 'n bewys daarvan dat die Atheners reeds hulle eie onwetendheid t.o.v. die godsdiens erken het! Hulle erken in die altaar met dié aangrypende naam dat hulle politeïsme nie werklik 'n oplossing bied nie: dit eindig by 'n onbekende god!

Paulus sluit dus nie goedkeurend by die onbekende god aan nie maar juis afkeurend. Die geleerde Atheense wysgere word daardeur bespotlik gemaak deurdat hulle 'n god vereer waarvan hulle nie kennis het nie. Die woorde van Paulus „Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken" word wel in die volgende vers deur hom op die ware God van toepassing gemaak, maar in die woorde sit geweldige ironie wat die heidense wysheid as dwaasheid ontmasker.

Ook dit kon beslis geen kompliment vir die Griekse geleerdes gewees het nie.

In die lig van die enkele opmerkings lyk dit uiters onwaarskynlik dat Paulus 'n Stoïsynse Natuurlike Teologie van die „onbekende god" sou voorgestaan het vanwaar hy die heidene dan tot die hoëre vlak van die „bekende God" sou wou verhef het.[3] Gesien hul politeïsme het die Atheners nie alleen aan die bestaan van 'n god nie maar selfs aan die bestaan van baie gode geglo. Dit sou dus van 'n ontaktvolle en totaal verkeerde aanpak van Paulus getuig het as hy sy hoorders op natuur-teologiese vlak wou benader. Hulle probleem was nie dat hulle skepties oor die bestaan van een of ander god was nie.

Ook Romeine 1 : 20 mag, as dit korrek gelees word, d.w.s. in die verband waarin die vers voorkom, nie as bewys vir 'n Natuurlike Teologie aangevoer word nie.[4] Soos reeds aangetoon, gaan dit daarin om die openbaring van God in sy werke. Die sg. algemene openbaring van God vind egter geen steunpunt of aanknopingspunt in die mens self (sy rede, verstand of religieuse besef) nie. Daar bestaan geen kontinuïteit tussen so iets soos 'n *semen religionis* en die Evangelie nie, maar alleen tussen die werkeopenbaring en die Evangelie of woordopenbaring.

## Natuurlike Teologie en werkeopenbaring

Aangesien daar a.g.v. die sondeval 'n geweldige breuk tussen die duidelikheid van God se werkeopenbaring aan die een kant en die reaksie van die mens aan die ander kant is, hoef die aanvaarding van die realiteit van God se werkeopenbaring ook nie tot 'n Natuurlike Teologie te lei nie.

Dit is die foutiewe interpretasie van die werkeopenbaring, en nie die feit van die werkeopenbaring van God as sodanig nie, wat 'n Natuurlike Teologie moontlik maak. Alleen in die lig van die Skrif en met die hulp van 'n Skrifmatige Filosofie kan hierdie openbaring van God in die skepping reg gelees word.

Tereg word dit deur Calvyn e.a. beklemtoon dat, hoewel van 'n positiewe kennis op grond van die algemene openbaring alleen geen sprake is nie, dit die mens, gesien die duidelikheid van God se openbaring, alle verontskuldiging ontneem. Onwetendheid in die verband bly skuldige onwetendheid, aangesien die mens vir sy sondeval verantwoordelik is.

## Samevatting

Samevattend die volgende redes waarom in Handelinge 17 : 15—34 en Rom. 1 : 18—25 nie die moontlikheid van 'n Natuurlike Teologie verkondig word nie.

In Handelinge 17 tree Paulus wel hoflik op, maar terselfdertyd ontbloot hy die heidene se onwetendheid en dwaasheid t.o.v. godsdienstige sake. Hy knoop beslis nie positief by hulle „natuurlike godskennis" (in o.a. die idee van die onbekende god) aan in die sin dat hy dit goedkeur en hulle van hierdie „kiem van waarheid" af verder wil bring tot kennis van die ware God nie.

Romeine 1 leer dat God se werkeopenbaring wel duidelik is, maar dat dit a.g.v. die sondigheid van die mens nie tot ware Godskennis kan lei nie, aangesien dit verdring, vervang en verdraai word. Verder word in God se werkeopenbaring ook nie die bestaan van God openbaar nie, aangesien sy bestaan nie hoef te bewys te word nie. Hoogstens word sy krag en goddelikheid daarin openbaar, d.w.s. die feit dat Hy sterk en magtig is teenoor die lewenslose gode. In wat met mense en dinge gebeur, word sy krag en almag duidelik. Nie net op die gebied van die natuur verrig Hy wonderdade nie, maar Hy lei en rig ook die geskiedenis van die ganse mensheid. Dit is wel so dat Hy sy wil in die wette vir die dinge openbaar, maar ook hier gaan dit nie om sy bestaan as sodanig (wat vanselfsprekend is) nie, maar om sy wil wat verder slegs via die wette in die dinge kenbaar is. Daarby kom nog dat God se werkeopenbaring alleen by die lig van sy woordopenbaring reg gelees kan word.

B. J. van der Walt (Potchefstroom).

---

1 Cf. in die verband Bavinck: *Alzo wies het Woord*, p. 99—104, 110—139; Blauw: *Goden en mensen*, p. 133—7; Gärtner: *The Areopagus speech and natural relevation;* Popma: *Evangelie contra evangelie*, p. 43—58 en *Eerst de Jood maar ook de Griek*, p. 74—93.

2 Cf. Popma: *Eerst de Jood maar ook de Griek*, p. 87.

3 Cf. Gärtner: op. cit., p. 82, 90, 146, 167 en 169.

4 Cf. in die verband Bavinck: *Religieus besef en Christelijk geloof*, p. 171—80 en 187—91; Berkouwer: *De algemene openbaring*, p. 118—24; Blauw: op. cit., p. 138—49 en Popma: op. cit., p. 107—9.